menlo-insig 33/2022

## LIEWE MENLO

Die gety op Menlo-bodem het gedraai en die kwartaal se eb en vloed is vir eers uitgewoed. Novembermaand is 'n stil maand. In teenstelling met die jaar se bedrywighede op die sportvelde, raak die aksie al hoe minder en met die dat die senior leerders tuis leer, is daar slegs herinneringe wat op die stoepe eggo. In die klasse kan jy 'n speld hoor val – die enigste klank is die geritsel van pen op papier.

Uit onderhoude wat met verskeie ouers gevoer is, blyk dit dat selfs die Parkies stil is nadat hulle 'n vraestel afgelê het. 'n Paar bekommerde ouers het genoem dat hulle gewoonlik spraaksame kinders se woordeskat na 'n toets tot "*oraait*" en "*oukei*" krimp. Hierdie verskynsel, hoewel algemeen, stem ouers onrustig, want hoe skryf jy 'n opstel en hoe antwoord jy 'n vraag met so min woorde tot jou beskikking?

Die Insig het daarom besluit om die eksamen te ondersoek en lig op die tergende vraag te werp: "Wat gebeur nadat 'n ouer sy/haar kind soggens by die skool aflaai om eksamen te skryf?"

Ons navorsing begin in die saal waar honderde bankies en stoele – selfs op die verhoog en in die voorportaal – netjies in gelid staan. Sodra die klok lui, neem die leerders hulle plekke in. Daarna word die senuwees gekalmeer. Die manier waarop daar geopen word – veral by die matrieks – is besonders. Dit is dan wanneer die matriekonderwysers die leerders sterkte toewens; in hulle stemme dra hulle die boodskap van twaalf jaar se leerkragte. Nou is dit tyd om vraestelle uit te deel, maar voordat enigiemand mag loer, moet 'n reeks formaliteite afgehandel word. Dit is in dié tyd, terwyl die vraestelle en die leerders vir mekaar gluur, dat die leerders besef dat alles *oukei* gaan wees. Daar skuil weliswaar soms 'n steilte tussen die swart letters van die vraestelle, maar elke Parkie weet dat 'n bult sal draai – die afdraande lê voor.

Wanneer die leerders die penne neersit, het hulle alles gegee. In slegs 'n paar uur is die somtotaal van jare se kennis – woorde, sinne en syfers – op papier uitgestort. Dit is eers wanneer 'n ouer vra hoe die eksamen gegaan het dat die Parkies besef: "Ek is *oraait*."









## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner.

Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Teks: Fillipense 4:7**

En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

# DAGBOEK

**11/11** Gholf: Sentraal-Gauteng Ope (Kyalami)

**22/11** **Begroting 2023: Goedkeuringsvergadering (Ouditorium, 18:00)**
Alle ouers word uitgenooi om die konsepbegroting vir 2023 d.m.v. 'n stemproses goed te keur.

**1/12** Uitdeel van handboeke: Graad 8: 10:00 – 12:00

**2/12** Somereksamen eindig / Uitdeel van handboeke: Graad 9: 08:00 – 10:00; Graad 10 & 11: 10:00 – 12:00

**13/12** Uitstuur van e-rapporte (tot 15/12)







# AKADEMIE

## O koekemakranka!


Wat het koekerigheid, troukoek, 'n koek in die hare en die koek*susters* gemeen? Dit is 'n paar van die *koekmiek-like* tonele wat deel van die graad 8-toneelgroep se jaarlikse Blou Teater-optrede was. Die doel van die optrede was om die werk wat die leerders gedurende die jaar gedoen het én die vordering wat gemaak is, te vier.

Die program het op 'n dramatiese noot, met gedigte en monoloë van 'n ernstige aard afgeskop, waarna dit 'n komiese wending geneem het en die gehoor laat skater het. Vir baie van die leerders was dié aand hulle eerste kennismaking met 'n toneeloptrede en vir die onderwysers, me. Roché van Blerk en Madame Nel, was die graadagts se vordering 'n riem onder die hart.

Baie geluk aan elke akteur met 'n vermaaklike optrede asook aan die personeel wat vir die leerders se akteursdebuut verantwoordelik was. #MenloToneelKook









# Beste Parkie

# Sterkte vir die eksamen!

Eksamengebed
(Verwerking van Ps. 23; Onbekend)

Die Here is my herder. Waarvoor sal ek bang wees?
Hy laat my die eksamenkamer rustig binnegaan. Hy verlig my verstand.
Hy lei my in die kennis van geleerdheid.
Al kyk ek na die vraestel en die vrae is moeilik sal ek kalm bly, want Hy is met my.
Die goedheid van my onderwysers en wat hulle my geleer het, sal vrug dra en ek sal leef om Sy naam te loof.
Amen



# KRIEKET



## Parkies kraai koning: op pad na Noordvaalfinaal

Menlopark se o. 15A-span het verlede week daarin geslaag om Hoërskool Waterkloof uit die Noordvaaltoernooi te knikker om sodoende 'n plek in die finaal te bespreek. Baie geluk aan die o. 15's asook aan hulle afrigters met hierdie uitstekende prestasie.

**Menlopark o. 15 A vs. Waterkloof o. 15 A**

Waterkloof 100 almal uit (James Bronkhorst 2/11, Tiaan Serfontein 2/18, Matt van der Westhuizen 2/30, Jean le Roux 2/20)
Menlopark 102/4 (Dian van Zyl 40, Henré St. Arnaud 28*)
Menlo wen met 6 paaltjies.

# MUURBAL

## Vat vyf, graad 8's en MMA!

Die oorgawe waarmee die graadagts gedurende die afgelope paar weke aan die interklasmuurbalkompetisie deelgeneem het, is 'n klinkklare bewys dat hulle harte absolut blou is. Daarby het 'n paar aggies ontdek dat hulle talent verder strek as wat hulle aanvanklik gedink het. Ofskoon muurbalsake op die baan deur twee seuns en twee dogters uit elke klas beslis is, was dit die ondersteuners wat hulle teenwoordigheid langs die baan laat geld het. Baie geluk aan 8K, 8J en 8L wat vanjaar met die graad 8-muurbalkroon weggestap het en baie dankie aan die LO-personeel wat die organisasie van die kompetisie behartig het.









Intussen roep die MMA vir eers halt. Hier volg 'n kort oorsig van die laaste gebeure van 2022. Tussen die Tuks Squash Festival, wedstryde teen PBHS en die MMA-prysuitdeling was daar min tyd vir stilsit. Boonop het Menlo se eie me. Liz Mackenzie die land by die FISU World University Squash Championships in Egipte verteenwoordig. Hartlik geluk aan haar en aan die spelers wat toekennings by die MMA se prysuitdelingsfunksie ontvang het:

Jeanne Craig: SA Top-10-speler
JD Smuts: Seunskampioen vir 2022
Dian Jacobs: Beste vordering (seuns)
Demi Senekal: Dogterskampioen vir 2022
Imme Kromhout: Beste vordering (dogters)





# MARKPLEIN







**Pierneefteater**

Vrydag 18 Nov 19h00
Saterdag 19 Nov 10h00
Sondag 20 Nov 15h00
info@pierneefteater.co.za of whatsapp 072 460 5568
R160 volwassenes / R140 pensioenarisse + kinders




Place your order
@ 082 309 9289
LIZL




Rusks, honey , frozen berries and some home made mayonnaise ready to fill your Christmas box with something special or make your local gift extra sweet












Student Accommodation: Lynnwood

- Water & Electricity included
- Wifi (Fibre) Included
- Unfortunately NO pets
- Own entrance
- Own gate with parking
- Washing facilities available
- Very secure area
- Rent R4000 pm

Ideal for student who wants their own private space.

Available from 1 December 2022
Contact 0723489269 to arrange viewing




104.2 FM
LiggieFees '22
JAKARANDA KINDERHUIS
CHILDREN'S HOME
1 - 23 DESEMBER | 18:00-22:00
VOLWASSENES-R50PP KINDERS-R30PP ONDER 3 – GRATIS
KOSSTALLETJIES DUBBEL MALLEMEULE
TERREINTREINTJIE FOTOS MET SINTERKLAAS
BINNESHUISE YSSKAATSBAAN
INGANGKAARTJIES NOU BESKIKBAAR BY
ticketpro
JKHOME.CO.ZA/LIGGIEFEES
TALITHA KUMISTRAAT 1, EAST LYNNE, PRETORIA


Ozopod
HEALTH IS WEALTH
FAT FREEZING
Summer Special!!!
Only R2000 for 4 sessions!
FAT DISSOLVING INJECTIONS
Lipo Lab
CALL 079 490 5637
2 The Old Fort Street
Lynwood Gardens Estate


PRISMA
water
Services
Purified Water
Private Labeled Bottled Water
Purified Water Refills
Dispenser Bottle Refills
Dispenser Machine Hire
*Free label design
*Free Delivery in Gauteng
Contact Information
Tel: 012 365 2590
Cell: 066 432 1209
sales@prismawater.co.za
www.prismawater.co.za
69 Lynburn Road,
Lynburn Center,
Lynwood Manor,
Pretoria
At Prisma Water we can do water for any quantity, any functions any corporate company or small office, branded or not!!!

**overkruin** uitrusters • outfitters
School Wear • Sports Wear • Work Wear

**Pretoria Noord Tak**
h/v Emily Hobhouse & Rachel de Beer straat

Tel: (012) 546 5718
Epos: sales@overkruinuitrusters.co.za

## Spesiale Aanbod

*(Solank vooraad hou vanaf 1November 2022)*



**Blazer**

| | |
|---|---|
| 78 - 86 | = R635.00 |
| 87 - 97 | = R650.00 |
| 102 - 112 | = R675.00 |
| 117 - 127 | = R735.00 |



**Skoolrok**

| | |
|---|---|
| 10 - 11 | = R425.00 |
| 12 - 16 | = R450.00 |
| 17 - 20 | = R475.00 |



**Seuns Grys Kortmouhemp (das)**

| | |
|---|---|
| 34 - 38 | = R195.00 |
| 39 - 43 | = R205.00 |
| 44 - 50 | = R225.00 |

**Das** R150.00



**Moulose Trui met wapen**

| | |
|---|---|
| 32 - 34 | = R200.00 |
| 36 - 40 | = R220.00 |
| 42 - 46 | = R240.00 |



**Winter romp**

| | |
|---|---|
| 66 - 74 | = R220.00 |
| 76 - 84 | = R240.00 |
| 86 - 92 | = R260.00 |

**Amptelike verskaffer aan Menlopark Hoërskool**

Kontant vrye perseel

# ONS GEE OM VIR JOU

## 'n Samewerking Tussen Skole, Ouers en Studente vir Die Beste Gehalte Skooldrag.

GEEN LANG TOUE✓ VRIENDELIKE PERSONEEL✓ UITSTAANDE DIENS✓ GENOEGSAME VOORRAAD EEN STOP DIENS✓ KLERE VERSTELLING (Boksburg, Cresta & Willowbridge)✓



LAY-BYE AANVAAR

**ONS BIED LAY-BYE FASILITEITE AAN**
33% DEPOSITO, BALANS BETAALBAAR OOR 3 MAANDE MET GEEN EKSTRA KOSTE. BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD. E&OE.

## Besoek een van ons winkels vir DIE BESTE GEHALTE EN ONOORTREFLIKE PRYSE

**BOKSBURG**
**K90 SENTRUM** (Agter East Rand Mall)
h/v North Rand & Rondebult Strate, Boksburg
TEL: **011 823 4055** E-POS: **boksburg@schoolandleisure.co.za**

**CRESTA**
**WINKEL 74 HEATHWAY WINKELSENTRUM** (Langs Postnet)
h/v Beyers Naude & Castle Hill Rylaan, Blackheath
TEL: **011 431 0406** E-POS: **cresta@schoolandleisure.co.za**

**KEMPTON PARK**
**MONUMENT STRAAT 148, KEMPTON PARK**
TEL: **010 592 1760** E-POS: **kempton@schoolandleisure.co.za**

**LONEHILL**
**WINKEL LL09 LONEHILL WINKELSENTRUM** (Langs Woolworths)
Lonehill Blvd 22, Lonehill, Sandton
TEL: **010 593 0884** E-POS: **lonehill@schoolandleisure.co.za**

**NI CITY**
**WINKEL 84B N1 CITY** (Woolworths ingang langs Cellworld)
Louwtjie Rothman Straat, N1 City
TEL: **021 205 1951** E-POS: **goodwood@schoolandleisure.co.za**

**PRETORIA**
**WINKEL F1 FLOOR 1, PARKVIEW SENTRUM** (Boonste vloer)
Garsfontein Straat, Moreleta Park, Pretoria
TEL: **010 593 0904** E-POS: **pretoriaeast@schoolandleisure.co.za**

**WILLOWBRIDGE**
**WINKEL 13 WILLOWBRIDGE NORTH**
Carl Cronje Rylaan 39, Tygervallei
TEL: **021 914 0495** E-POS: **tygervalley@schoolandleisure.co.za**

Besoek **www.schoolandleisure.co.za** vir jou plaaslike WINKELKAART en WINKEL-URE.

# Constantia Uitrusters | Outfitters
Groep
Sedert 1968

GOEDGEKEURDE VERSKAFFER
GOEDGEKEUR DEUR HOËRSKOOL MENLOPARK




## Jou No.1

## Verskaffer van Skooluniforms & Sportdrag vir Hoërskool Menlo Park

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS